
Titus
Geestelik
Oorgebou
Louis Nel

# Geestelik Oorgebou

## 'n Reeks Oordenkinge oor Titus

**Louis Nel**

Februarie 2024

**Voorblad:**

Die Kraalmuur op die plaas Teguaan

naby Waterval Boven

gebou deur die skrywer se Oupa -
Johnny Parsons ongeveer 1945

Foto: Louis Nel

Mosbolletjie Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


Voorwoord

1. Kreta
2. Deel van Die Span
3. Goeie Leierskap
4. Geestelike Bankrotskap
5. Hoe Moet Ek dan Leef?
6. Jong Manne en Vroue
7. Ek, my Werk en Lewe
8. Ek en my Samelewing
9. Saamwerk

# Voorwoord

Voordat daar voortgegaan kan word met ‘n heropbou en ontwikkeling, moet die ou vrot mure eers afgebreek word tot op die grond.

Op die geestelike terrein was Suid-Afrika eens ‘n sterk gebou. Nie baie jare gelede nie, was die kerke letterlik tot oorlopens toe vol en het ons land geblom. Verder terug in die geskiedenis was daar reuse steunpilare in die geloof waarop ons land gebou is. Helaas het die mure begin verkrummel, en sien ons hoedat gemeentes doodloop en die kerkgemeenskap verval in totale

onbetrokkenheid, kerklosheid en selfs kerkloosheid.

Hierdie mure moet baie dringend herstel of eintlik eerder herbou word, want die skade is reeds te groot vir herstel. Om die geesteilke mure egter te herbou, moet die ou krummelende mure afgebreek word om plek te maak vir nuwe stewige mure.

Titus moet eintlik saam met Filemon gelees word, want in Paulus se brief aan Filemon, sien ons hoedat die mure afgebreek word, en in die brief aan Titus verduidelik Paulus die proses van heropbou. Daarom is die boeke dan ook in die “verkeerde”

volgorde hier geplaas.

My innige bede is dat hierdie reeks oordenkinge vir jou ook soveel sal beteken as wat dit vir my beteken het terwyl ek dit geskryf het.

Louis Nel

# 1
# Kreta
# Inleiding tot Titus

**VIDEO | OUDIO**

As ek vandag die algemene toestand van Suid-Afrika moet beskryf, dan is dit seker maar ‘n baie droewige prentjie. Buiten nou vir die beurtkrag wat ons op ons knieë dwing, is daar boonop ekonomiese agteruitgang, bendes wat verskrikking saai, werkloosheid, armoede, lae produktiwiteit, sosiale onverdraagsaamheid, korrupsie, misdaad, moord, verkragtings, drankmisbruik, dwelmverslawing,

transitoroof en nog baie meer. Dan is daar ook nog die onwettige grondbesettings en gewelddadige stakings, onwettige myners, vragmotors en busse wat aan die brand gesteek word en geboue wat vernietig word. Al hierdie dinge dra by tot ‘n honger na iets meer konkreet in die lewe. Hoe harder die polisiemag probeer om misdaad te bekamp, hoe erger raak dit. Boonop werk die polisiemanne dikwels saam met misdadigers, kop in een mus met misdaad! Die morele peil van die samelewing raak al hoe laer en laer. ‘n Bleek prentjie, inderdaad!

Op die eiland Kreta, in die eerste eeu na Christus word dieselfde soort van omstandighede beleef as wat ons vandag in Suid Afrika het. Inderdaad was Kreta, net soos Suid-Afrika, ’n land met ’n baie roemryke geskiedenis en pragtige potensiaal. Die beskawing van Kreta het oor ‘n lang tydperk, van 3000vC tot 1550vC ‘n hoogbloei beleef in welvarendheid, kuns, kultuur en alles wat mooi en goed is. Terloops, die Filistyne van die Ou Testament was waarskynlik van Kreta afkomstig! Kreta se boukuns was asemrowend en die regeerders het in manjifieke

paleise gewoon. Een hiervan, die paleis van Knossos, word as een van die sewe wonders van die antieke wêreld beskou. Die strate was selfs in sommige van die klein gehuggies ook geplavei. Die Kretensers se kuns, en veral pottebakkerskuns was meesterstukke en is tot vandag toe nog wêreldberoemd. Kreta kan met reg beskou word as die bakermat van Griekse kultuur. En dan weet ons natuurlik dat die Westerse beskawing uiteindelik uit die Griekse kultuur gebore is. Dus kan ons met reg sê dat die Westerse beskawing waarskynlik sy geboorte in Kreta gekry het.

Maar helaas! Hierdie hoogbloei van Kreta kon nie volgehou word nie en sy meer onlangse verlede het vasgevang geraak in 'n spiraal van geweld en agteruitgang. Aardbewings en vulkaniese uitbarstings het die land 'n ernstige knou gegee. Die Kretense het probeer opstaan uit die puin, maar hoe harder hulle probeer het, hoe meer het hulle agteruit geboer. Kansvat, bedrog en diefstal was kitsresepte om uit die gemors te kom, maar die resultate was, nodeloos om te sê, gedoem. In 72vC het die Kretense skepe byvoorbeeld 'n Romeinse vloot met kosvoorrade

aangeval en geplunder, maar Rome stuur ’n strafekspedisie wat Kreta inval en verwoes.

Titus was aangestel as ‘n tydelike leraar in Kreta te midde van al hierdie gemors. Die Kreta waar Titus hom dus bevind, was iets soos die middestad van Johannesburg of Durban. Daar was ’n roemryke verlede maar ’n desperate, verwaarloosde hede. Ek onthou Durban middestad as ‘n heerlike kuierplek, waar ons saans rustig kon rondloop en winkelvensters kyk, baie jare gelede. Dieselfde het gegeld vir Hillbrow. Maar vandag? Sal jy dit steeds kan waag?

Titus was van Griekse afkoms. Hy kon dus die mense van Kreta se taal, kultuur en gewoontes baie goed verstaan. Nadat hy onder Paulus se bediening tot bekering gekom het, het hy baie nou saamgewerk met Paulus in gemeentes soos Korinte en Dalmasië. Hy vergesel ook vir Paulus op sy belangrike reis na Jerusalem vir daardie eerste berugte "Sinodesitting." Wanneer Paulus oor Titus skryf, blyk dit dat hy 'n baie taktvolle persoon was wat veral in die probleemgemeentes soos Korinte en Kreta ingespan kon word. In Paulus se tweede brief aan die

Korintiërs (2 Kor. 12:18) gee hy ‘n pragtige getuigskrif oor Titus: “Handel hy en ek nie in dieselfde gees nie, en loop ons nie dieselfde spore nie?” Sou dit nie pragtig wees as dieselfde getuienis van my en jou gelewer kon word nie? Deur die spore wat ons in die Titusbrief kry, kan ek en jy inderdaad ook in dieselfde gees as Paulus optree.

Hierdie brief van Paulus is spesifiek persoonlik aan Titus geskryf. Die fokus van die brief is egter eerder op die besondere omstandighede en roeping van die eerste-eeuse gelowiges op die eiland Kreta. Deur die oë van

Paulus en Titus gaan daar vir ons ’n venster oop na die leefwêreld van die Christene van daardie tyd. As ek en jy die moeite doen om deur daardie venster te loer, sien ons dat ons deur die boodskap van die brief ook ons eie geestelike en sosiale lewe reg kan verstaan. Die wonder is dat die Evangelie van God se genade ook na die mense van Kreta gekom het, al was hulle lewe in so ‘n gemors. Maar presies dieselfde geld vir ons hier in Suid-Arika, en waarskynlik ook vir baie ander lande in die wêreld! Hierdie Evangelie wys mense die uitkoms uit verslawing aan eie begeertes

na ware geestelike heropbou. En dit is vandag in Suid Afrika steeds nét so relevant soos wat dit was in Titus se tyd!

Gebed:

Here, wek asseblief in my hart ook ‘n honger na ware geestelike vernuwing!

# 2

# Deel van die Span

# Titus 1:1-4

**VIDEO | OUDIO**

Kreta lê aan skerwe! Wie moet die stukkies optel en weer aanmekaar plak? Suid-Afrika lê óók aan skerwe! Wie moet hiér optel en regmaak?

"Die regering!" sê 'n koor van stemme. "Nee, die DA/VF+/Kerk!" protesteer 'n ander koor.

"Ons, die gelowiges!" sê Paulus. "Ek en jy, die gelowiges wat die Evangelie met Paulus deel!"

Maar wag. Nou loop ek mos die

storie vooruit! Ons het reeds verneem dat Paulus hierdie brief aan Titus rig, maar dat dit inderdaad ook aan alle gelowiges geskryf is. Gewoonlik is ‘n briefaanhef ‘n kort en kragtige paar reëltjies wat sê wie die brief geskryf het en aan wie dit gerig is, met moontlik so ‘n ou tou-innie-bek groetetjie daarby.

Hierdie brief is egter anders. Dit is baie spesiaal en gerig aan baie spesiale lesers, dus maak Paulus baie spesiale moeite met die aanhef. Gewoonlik lees ons by die aanhef verby, want dis mos nie belangrik nie. Maar hierdie een kan jy net eenvoudig nie

anders as om deur te lees, en dan weer terug te gaan en te kyk of jy nie dalk iets gemis het nie. Ook maar goed so, want daar is so baie stof tot nadenke opgesluit in hierdie aanhef dat jy beslis iets gaan miskyk. Lees hom dus gerus ‘n paar keer deur!

Paulus maak op ‘n besonderse manier die inhoud van sy prediking bekend as die fondament van die geestelike heropbou program van die gelowiges in Kreta.

Die vraag is: Wat is hierdie fondament dan? Ons het reeds gesien dat Kreta vasgevang is in ‘n spiraal van sosiale

agteruitgang en wanorde. Die land is vrot van korrupsie, misdaad, leuens en onbestendigheid. Waar moet die gelowiges begin om te ontsnap uit hierdie web van wanhoop? Paulus se antwoord is eenvoudig: ‘n verhouding met God! Die één vaste punt waarvandaan alle geestelike heropbou moet begin, is by God!

Kyk nou mooi hoe Paulus hierdie situasie aan die mense van Kreta duidelik maak: God openbaar Homself aan die Kretense as die God wat Sy woord hou, of anders gestel: as die God wat nooit kan lieg nie! Watter wonderlike koel

lafenis is dit nie, in ‘n land waar jy niemand meer kan vertrou nie. Ook in Suid-Afrika is dit ewe waar, want korrupsie het só deel van die alledaagse geword. Om te lieg is deel van die lewe en as daar nie openlik gelieg word nie, word die waarheid só verdraai dat dit dikwels totaal onherkenbaar is!

Die boodskap van die bestendige en volledig betroubare God moet dus weerklink in ons verwronge samelewing sowel as dié van Kreta. Dis nie maar ‘n versoek nie, dis 'n opdrag! Paulus stel homself bekend as die dienskneg (slaaf) van God wat hierdie opdrag uitvoer en by implikasie

het ek en jy presies dieselfde opdrag.

Die vraag is egter of alle ongelowiges sal luister as ek en jy hierdie waarheid verkondig? Nee, sékerlik nie maar dit sal uitverkorenes lei om in God te glo. Terselfdertyd sal dit ander gelowiges weer moed gee en hulle geloof versterk.

Ons besef maar ál te goed dat ons in ’n gebroke samelewing leef. Daar is natuurlik baie mense en organisasies wat daadwerklik iets daaromtrent probeer doen. Kyk jy egter mooi, dan sien jy dat hierdie hulp dikwels gepaard gaan met iets wat die helper

daaruit kry vir homself. Die motief is dikwels selfverryking, groepsvoordele of sosiale status. As gelowige durf ons net een enkele motief vir so ‘n handeling hê, naamlik om God daardeur te dien. Wanneer ons in Suid-Afrika begin vra hoe ons God op die beste moontlike manier kan dien, dan sal daar hoop wees vir die samelewing. Inderdaad is hierdie hoop in die eerste plek gerig op die ewige lewe, maar dit het ook duidelike implikasies vir die lewe hier en nou.

In die eerste verse van die Titusbrief lyk dit of die opdrag slegs vir Paulus geld, maar as jy

verder lees, raak dit duidelik dat daar ‘n gedeelde geloof tussen Paulus en Titus is, en dat Titus dus medeverantwoordelik is vir die opdrag om te preek. Vanoggend moet ons vra of hierdie gedeelde geloof nie dalk óók op jou en my van toepassing is nie? Dis baie gerieflik om te sê dat die dominee in diens van die gemeente staan en dus die werk moet doen. Maar ek en jy, die “gewone” lidmate durf nie vingerswaaiend op die kantlyn bly sit en kritiseer nie. Dit is óók óns opdrag!

God wil vir jóú op ‘n unieke manier gebruik om Sy Woord uit

te dra en in jou samelewing uit te leef. My pleidooi vanoggend is dat jy jou deur hierdie inspirerende brief laat lei en motiveer om jou tot beskikking van God te stel vir Sy geestelike heropbou program. Raak betrokke! Gebruik die talente wat God jou gegee het op jou eie unieke manier om te werk in die wingerd van God.

Gebed:

Here, ek stel my vandag beskikbaar om ook deel te wees van die span wat alreeds in U diens staan. Gebruik my asseblief net soos ek is, en gee my die krag en wysheid en

deursettingsvermoë om enduit vol te hou!

# 3

# Goeie Leierskap

# Titus 1:5-9

**VIDEO | OUDIO**

Leierskap het die afgelope tyd die nuus oorheers. Ons het ‘n belangrike verkiesing op hande en elke Jan Rap en sy maat doen homself voor as ‘n goeie leier want hy wil probeer bewys dat hý die beste kandidaat is om ons nuwe president te word. Ook in Amerika heers daar tans ook ‘n verwoede stryd vir presidentskap en verwyte word rondgeslinger! Intussen hang die swaard van korrupsie en allerhande ander

soorte misdaad stééds oor die kop van menige prominente leier. Kort-kort is die een of ander leier in die nuus oor bedrog, wanadministrasie of iets dergeliks. En dan vra ons: “Maar hoe kan dit?! Waar het alles verkeerd geloop?”

Die feit is dat hierdie leiers almal demokraties verkies is deur ons samelewing en daarom weerspieël hulle in werklikheid die standpunt en optrede van die gemeenskap wat hulle verkies het. Wanneer ‘n samelewing siek is en hom in ‘n spiraal van geweld, misdaad en korrupsie bevind, dan is die kanse dat die

leiers van daardie samelewing aan presies dieselfde soort siekte ly en dat hulle eerder die sosiale agteruitgang sal aanhelp as om dit te stuit. Is dit nie presies wat op die oomblik besig is om te gebeur in Suid-Afrika nie?

Nou klink ek darem verskriklik negatief vanoggend! Maar ek wil baie vinnig bysê dat dit geensins die geval is nie en dat ek Suid-Afrika vir geen ander land sal verruil nie! Ek is inderdaad baie positief oor ons land, ten spyte van die probleme. Kom ek verduidelik:

Ons het reeds gesien dat Kreta met dieselfde soort probleme

gesit het. Paulus het maar ál te goed besef dat in ‘n siek samelewing daar baie spesiale maatreëls moet geld om leiers daar te stel met onberispelike waardes. Titus kry dus die opdrag om ouderlinge in elke dorp aan te stel as deel van die geestelike heropbouprogram. Hulle moet aan streng Bybelse voorskrifte voldoen om die boodskap van die betroubare God geloofwaardig te kan verkondig.

Ek het al dikwels beleef dat ‘n gemeenteleier ander kerke of gemeentes beswadder en kwaadpraat van hulle. Met sulke gedrag gooi jy die Bybelse

voorskrif van liefde totaal oorboord. Sulke dinge help die gelowiges in sy gemeente van die wal af in die sloot! Dis presies wat Paulus wil probeer keer! Die leiers moet die voorbeeld stel vir die ander gelowiges om na te volg.

Wanneer Paulus hier praat van ouderlinge, dan is daar drie aspekte wat ons in gedagte moet hou: Eerstens dat daar na ouderdom verwys word, nie noodwendig fisiese ouderdom nie maar eerder dat die persoon ervaring en bekwaamheid moet hê. Iemand wat maar ‘n dag lank gelowig is, sal mos nie as

ouderling kan dien nie want hy het geen geestelike ervaring nie! Die tweede aspek wat na vore kom is dat so 'n persoon 'n opsiener sal wees, met ander woorde iemand met 'n toesighoudende taak. Derdens moet die persoon 'n bestuurder of ekonoom kan wees in die huishouding van God.

Paulus het maar ál te deeglik besef dat Kreta goeie leiers nodig gehad het om rigting te gee aan die samelewing, leiers wat hulle verantwoordelikheid teenoor God besef het. Hulle moes leiers wees wat nie maar net van die kantlyn af kommentaar lewer soos wat

ons doen wanneer ons ‘n rugbywedstryd dophou nie, maar wat as bestuurders ‘n aktiewe, skouer-aan-die-wiel bestuurstyl volg. Sulke leiers moet heeldag sigbaar en aktief met mense te doen hê, en hulle eie geloofwaardigheid moet hulle boodskap ondersteun. Daarom stel Paulus baie streng vereistes wat betrekking het op hulle gesinslewe, hulle openbare gedrag en hulle toerusting.

Die gesin is die boustene van ‘n samelewing en dit is tragies dat die samelewing in Suid Afrika agteruitgaan juis as gevolg van ‘n algemene verbrokkeling van

gesinne. Om ‘n goeie leier te wees, moet jy ook vir die samelewing wys hoe ‘n gesin behoort te funksioneer deur sélf die voorbeeld te stel. Jy moet in die eerste plek ‘n rolmodel wees vir jou kinders en hierdeur is jy outomaties ‘n rolmodel vir ander gelowiges.

Verder praat Paulus van ‘n leier, oftewel ouderling se openbare gedrag wat onberispelik moet wees. Hy noem vyf voorbeelde van dinge wat belangrik is wat ‘n ouderling **NIE** moet wees nie en ses wat hy **MOET** wees. Al hierdie dinge is daarop gemik dat hy nie sy eie belange op die hart

dra nie, maar sy medemens eerste sal stel. Afrika is besaai met selfsugtige, verwoestende leiers. ‘n Ware leier is onselfsugtig en offervaardig.

Laastens is daar die leier se toerusting: dit is nie op eie krag wat ‘n ware leier staatmaak nie, maar hy hou vas aan die betroubare Woord van God. Dit beteken dat die ouderling die Bybel moet bestudeer en ken en dit toepas in sy alledaagse lewe. Lééf die Woord uit!

Die vraag is of ek en jy bereid is om leierskap te aanvaar? En indien ek reeds daar is, watter soort leier is ek? Watter soort

voorbeeld stel ek? Ek en jy kan ‘n baie groot verskil maak! Kom ons doen dit!

Gebed:

Here, help my asseblief om ‘n leier te wees volgens die Bybel se voorskrifte!

# 4

# Geestelike Bankrotskap

# Titus 1:10-16

**VIDEO | OUDIO**

Dit het tyd geword dat die leierskorps van die kerk dinge begin regruk, dit het hééltemal te ver gegaan! Nee, dit is nie ek wat so sê nie, maar Paulus. Hy skryf dat daar ’n verskriklike geestelike bankrotskap heers, nie net onder die algemene inwoners, die heidene van Kreta nie maar selfs onder die gelowiges. Daardie bankrotskap moet nou met hand en tand beveg word! Paulus noem nie maar vae begrippe en

abstrakte doelwitte nie. Nee, hy noem die probleem by die naam. Dit vra ook van my en jou om eerlik na onsself te kyk met die Bybel as spieël en nie die lelike dinge te verskoon en probeer wegredeneer nie. Kom ons noem hulle by die naam en roei hulle uit in ons lewens!

Volgens Paulus sit Kreta vasgevang met twee baie ernstige probleme. Eerstens die algemene swak karakter van die inwoners, en tweedens die dwaalleraars wat onder gelowiges begin insluip het. Paulus sê dat albei met hand en tand bestry moet word.

Die laakbare karakter van die mense van Kreta was destyds berug. Jy ken sékerlik die spreekwoord, dat iemand vloek soos ‘n matroos? Daardie tyd was die algemene spreekwoord dat jy lieg soos ‘n Kretenser! Die beroemde digter-filosoof, Epimenides wat Paulus hier aanhaal, was maar een van etlike bekende skrywers van daardie tyd wat na die Kretensers se gure karakter verwys het. Die tragiese is dat die Kretensers nie altyd so was nie maar dat hulle op ‘n stadium ‘n uiters hoë beskawingspeil gehandhaaf het. Die Kretensers het nie alleen

gelieg nie, maar hulle was berug vir hulle gruwelike geweld aan die een kant terwyl laakbare luiheid aan die ander kant inherent deel was van hulle karakter. Nie alleen was hulle sosiale agteruitgang baie opvallend nie, maar hulle was doodtevrede met die toestand van sake! Selfsug en gemaksug was diep gewortel in die lewens van die egoïstiese Kretensers wat vasgevang was in hulle laakbare lewenstyl.

Miskien het dit ook tyd geword om kaalkop die waarheid te praat oor ons Suid-Afrikaners en die feite in die oë te begin kyk. Volgens die laaste

sensusopname is sowat 80% van ons land Christene. Moeilik om te glo! Maar moord, roof, verkragtings, gierigheid, haat en losbandigheid is inherent deel van ons alledaagse lewe. “Hulle gee voor dat hulle God ken,” skryf Paulus, “maar hulle dade weerspreek dit!”

Skryf hy dit oor die Kretense of oor die Suid-Afrikaners? Ek wonder maar net! ‘n Diepgewortelde kultuur van geweld en selfsug is meester van ons land se mense, en om te sê dat Christene darem nou nie hierby betrokke is nie, is ‘n drogredenasie. Die grootste gros

van gelowiges verkies om onbetrokke te bly en is te lui om iets daadwerklik aan die saak te doen. Ons land is alreeds berug daarvoor dat ons ‘n land van diewe, moordenaars en verkragters geword het!

Die tweede probleem in Kreta was die manier waarop die eerste probleem aangespreek is. Bekeerlinge uit ’n Joodse agtergrond het ‘n hele stel reëls en regulasies daargestel en ‘n mentaliteit van “raak nie, smaak nie, roer nie aan nie” op die medegelowiges probeer afdwing. Dit was ‘n versmelting van Joodse en Grieks-filosofiese leerstellings.

Hiermee het hulle verdeeldheid onder die gelowiges gesaai en selfs huisgesinne ontwrig. Hulle motiewe het die saak vererger, want onder die dekmantel van ‘n vroom voorgee van die verbetering van omstandighede, het hulle hulleself eintlik hierdeur verryk. Sodoende het hulle eintlik deel van die probleem geword, eerder as die oplossing daarvan.

Daar is talle voorbeelde vandag van mense wat voorgee dat hulle die samelewing dien, maar dat hulle inderwaarheid slegs belangstel om hulle sakke vol geld te stop. Dikwels sien ons dan ook dat sulke mense streng

wette propageer as deel van hulle strategie om sogenaamd die siek samelewing te probeer regruk.

As ons egter gedeeltes soos Rom. 1:17 en Gal. 3:2-7 en nog vele meer lees, dan sien ons duidelik dat die enigste voorvereiste vir ‘n verhouding met God, geloof in Jesus Christus is. Geen wet kan jou die saligheid besorg nie! ‘n Ware geloof en ‘n lewende verhouding met Jesus is die enigste antwoord op die probleme in ons land. Geloof kweek dankbaarheid en verantwoordelikheid teenoor God. Wanneer mense werklik hulle verantwoordelikheid teenoor God

begin besef en daardie verantwoordelikheid uitleef, sal hulle ‘n gesonde bydrae maak tot die samelewing. ‘n Mens word gemotiveer van binne af om dankbaarheid en liefde prakties uit te leef, en nie deur vrees of wette nie.

Paulus skryf in vers 1 dat hy geroep is om mense tot geloof te lei. As ons elkeen hierdie ons eie roeping maak, kan dit nie anders as dat daar ‘n geestelike heropbou in ons land sal plaasvind nie. Suid-Afrika kan inderdaad sosiaal gered word deur die lewe van sy Christenburgers. Baie geestelike

leiers neem hierdie roeping baie ernstig op. Wat van my en jou?

Gebed:

Here, maak my asseblief diep bewus van my roeping en gewillig om dit uit te leef elke dag!

# 5

# Hoe Moet Ek dan Leef?

# Titus 2:1-15 (deel 1)

VIDEO | OUDIO

In ons vorige dagstukkie het ons gesien dat Paulus vir Titus sê dat slegs geloof in Jesus genoeg is en dat hy die wettestelsel van die Jode verwerp. Nou kom Paulus egter en hy stel ‘n lys van reëls saam wat nodig is om reg te kan lewe. Dis mos teenstrydig, is dit nie?! Nee, Paulus se motief vir hierdie voorskrifte is nie ‘n voorvereiste vir verlossing nie, maar hy wil hierdeur verseker dat die Woord van God nie in

diskrediet gebring word nie. Dit gaan dus nie oor jou gedrag **sodat** jy verlossing kan kry nie, maar eerder jou gedrag **as gevolg van** jou verlossing.

Paulus se strategie in hierdie korrupte wêreld is dat die gelowiges sal uitstaan in die samelewing. Die dinge wat vir die publiek eerbaar is, is die dinge waarin die gelowiges moet uitmunt. Hulle moet met ander woorde vir die samelewing 'n aanwins wees sodat God hierdeur verheerlik kan word, en die Evangelie geloofwaardig kan wees. Deur so 'n uitstaande lewe te lei, sal ongelowiges wat tot

geloof kom, hulle as voorbeeld sien van hoe ‘n gelowige behoort te leef. Op hulle beurt sal hulle weer ‘n bydrae kan lewer tot ‘n beter samelewing. ‘n Hele kettingreaksie!

Paulus praat met letterlik elke vlak van die samelewing, van volksleiers tot slawe, want geloof is nie beperk tot slegs sekere vlakke nie, maar vir elkeen.

Paulus begin by die ouer mans en hy beklemtoon die belangrikheid van hulle voorbeeld vir die samelewing. Dikwels vind jy dat ouer mense dink dat hulle rol in die samelewing uitgedien is, maar die teendeel is waar. Deur

hulle gedrag het hulle ‘n geweldige groot invloed op kinders en kleinkinders sowel as ander mense.

Drankmisbruik is gewoonlik ‘n integrale deel van die spiraal van agteruitgang van ‘n siek samelewing. Hoe dikwels gebeur dit nie dat iemand probeer om sy hopelose omstandighede te versuip. Op Kreta was dit ‘n geweldige probleem, selfs in die kerk! Daarom dat Paulus dit héél eerste noem. Maar dit is nie net in Kreta nie, in Suid Afrika is alkohol misbruik ‘n reuse probleem, veral in meer arm dele van die samelewing. Dit het ‘n

vernietigende effek. Waar drankmisbruik voorkom kan daar géén geestelike groei wees nie. Lees maar gerus Efes. 5:18.

‘n Ouer gelowige moet presies die teenoorgestelde gedrag openbaar as ‘n dronkaard:

● Dronk mense gedra hulle skandalig - gelowiges tree eerbaar op.

● Dronk mense doen dwase dinge - gelowiges moet verstandig wees.

● Dronk mense is siek en onvas op hulle voete - gelowiges moet geestelik gesond wees en standvastig.

Maar nie alleen moet daar ‘n sterk kontras wees tussen die lewe van ‘n gelowige en dié van ‘n dronkaard nie. Hulle moet ook ‘n teenvoeter bied teen dronkenskap. Wanneer jy vas in die geloof staan, ander mense se belange op die hart dra en deur die krag van die Heilige Gees leef, sal jy aanhou doen wat God van jou vra (volharding), en dan sal drankmisbruik géén vatkans op jou lewe hê nie.

Nou kyk Paulus die ouer vroue in die oë en hy lê ‘n paar baie belangrike gedagtes in hulle midde. Drankmisbruik was ook by húlle ‘n groot probleem, maar die

éintlike pynlike saak was kwaadpraat! Jakobus 3:1-12 beklemtoon watter geweldige skade skinder en kwaadpraat kan aanrig! ‘n Lekker sappige skindersessie kan reuse skade veroorsaak. Dit is só maklik (én lekker) om te vertel van iemand anders se verleentheid, maar dit kan iemand dalk bitter seer maak!

As jy liefde uitleef, sal jy nie deelneem aan sulke gesprekke nie want hierdeur openbaar jy die uiterste vorm van liefdeloosheid. Dit is veral onder die ouer vroue wat hierdie onding kan uitbroei en Paulus wil hulle leer om die tong eerder in te span as ‘n wapen vir

die goeie as om dit te misbruik as ‘n wapen van massaverwoesting. Ouer vroue sit gewoonlik met ‘n ryk skat van geloofs- en lewenservaring, en veral jongmense kan baie by hulle leer. ‘n Goeie voorbeeld is die oggend-bybelstudie geleentheid in ons gemeente in Ballito wat grootliks deur ouer vroue bygewoon word. Elkeen wat dit bywoon word geestelik gevoed en groei in hulle geloofslewe.

Dit help egter niks as jy ál die kennis het en dit selfs uitbasuin, maar jou lewe is nie ‘n voorbeeld van wat jy verkondig nie want dan is jy skynheilig. Nee, met ‘n

heilige lewe probeer jy jou nie voordoen as iemand wat beter is as ander mense nie. Jy voer eerder God se opdrag uit om Sy beeld te vertoon.

Ons het ‘n pragtige spreekwoord wat lui: Woorde wek, maar voorbeelde trek. Kom ons leef daardie spreekwoord uit!

Gebed:

Heilige Gees, maak asseblief my lewe ‘n voorbeeld vir ander mense sodat hulle U in die spieël van my lewe kan sien!

# 6

# Jong Manne en Vroue

# Titus 2:1-15 (deel 2)

**VIDEO | OUDIO**

Gister het Paulus die ouer manne en vroue aangespreek. Vandag kom die jongeres onder die vergrootglas. Ons moet egter baie versigtig wees wanneer ons hierdie gedeelte lees en nie daarin sien wat nie op ons van toepassing is nie. Om die gedeelte reg te verstaan, moet jy in die eerste plek besef wat die sosiale posisie van vroue in daardie tyd was. Verder moet ons net weereens daaraan herinner word dat dit vir Paulus primêr daaroor gegaan het dat die Woord van God nie in diskrediet moet kom nie.

Paulus was nie hier besig om vir vroue van alle eeue en plekke ‘n gedragspatroon vas te lê nie. Al wat hy wou doen, was om te voorkom dat die gedrag van gelowige vrouens op Kreta die indruk sou skep dat die Christelike Godsdiens besig was om die destydse samelewing omver te probeer gooi. Hy het dus die vrouens aangemoedig om te presteer in die dinge wat vir die vrouens in daardie tyd as prysenswaardig beskou was en wat nie in stryd met die Bybel was nie. As ons dit woord-vir-woord op vandag se lewe wil toepas, dan moet ons ook sê dat slawerny reg

is want Paulus het dit hier aanvaar as deel van die lewe.

Die vrou se pligte in daardie tyd was binne die huis en huisgesin. Hulle het nie die sakewêreld betree of ‘n ambag beoefen nie. Daarom het Paulus die vrou se pligte slegs tot huispligte beperk. Vandag sien die lewe totaal anders daar uit omdat die vrou se rol in die samelewing in baie opsigte uitgebrei het om dieselfde as mans s’n te wees. Om die waarheid te sê kan baie van die pligte wat Paulus vir mans voorskryf ook vir vrouens geld en andersom. In dieselfde asem moet ons ook noem dat die

belangrike rol wat die vrou in die huisgesin speel, nie afgemaak of ontken kan word nie. Inteendeel: ons samelewing vandag heg steeds groot waarde aan die dinge wat Paulus in vers 4 en 5 noem, veral sake soos liefde vir jou man en kinders, verstandigheid en kuisheid. Hierdie dinge is onontbeerlik en is die sement wat die voortbestaan van gelowige gesinne verseker.

Dit sou egter 'n drog-redenasie wees om af te lei uit wat Paulus skryf dat hierdie dinge buite die man se pligtestaat van verantwoordelikheid val, of dat vroue se verantwoordelikhede

slegs tot hierdie lysie beperk moet word. As gelowige vrou moet jy dus deeglik besef dat jou lewe ook geestelike betekenis het, dikwels op dieselfde vlak as mans of selfs hoër. Die kern van Paulus se redenasie kom daarop neer dat jy God moet dien en sodoende die geloofwaardigheid van die Christelike Godsdiens verhoog.

Vervolgens kom Paulus by die jong manne. In daardie tyd was ‘n vriendekring van jong mans baie gewild, en in so ‘n kring het daar dikwels een persoon uitgestaan as leier. Hy was dan ook die rolmodel vir die ander manne in

die kring en sy invloed was groot. Paulus gebruik so ‘n situasie om te staan in diens van die Evangelie, en hy praat hier direk met Titus wat in dieselfde kategorie geval het. Sy voorbeeld moes daarop gemik wees om te sorg dat niemand iets slegs van gelowige mans kon sê nie.

Dit is tog só waar, dat jou skandes gekoppel word aan die organisasie waarvan jy deel is. ‘n Goeie voorbeeld is daardie gewraakte video wat ‘n paar mans destyds in ‘n studentekoshuis gemaak het. Dit het alle wit jong mans in Suid Afrika as uiterste rassiste

gebrandmerk! As ‘n gelowige struikel, dan is dit dadelik die ganse kerk wat korrup is! Paulus se pleidooi is dat elke gelowige só sal leef dat dit die kerk nooit verleë sal laat nie. Inderdaad is hierdie opdrag van toepassing, nie slegs op jong mans nie, maar op álle gelowiges.

Net soos in die Griekse beskawing van daardie tyd, is die samelewing vandag nogal baie verdraagsaam teenoor jong mans. Ons aanvaar sommer dat hulle in die strate gaan rondjaag, wette verontagsaam, wilde partytjies hou, dronk word en allerhande dinge doen wat ouer

mense nooit eers van sal droom om te doen nie. Dikwels praat ons dit maar weg: “hy vind nog sy voete!” Die feit is egter dat hierdie vrypas wat die samelewing aan jong manne gee, en dikwels ook aan jong meisies, enorme skade aan die samelewing aanrig. Bendes, dwelms en misdaad gaan dikwels hand-aan-hand met sulke losbandigheid. Die Bybel erken dat ‘n jongmens sy lewe maar kan en móét geniet. Daarmee saam kom egter verantwoordelikheid teenoor God. Dit maak die kern uit van Paulus se oproep om verstandig te wees. Paulus wil dit beklemtoon dat ‘n

jongmens se lewe nie in twee gedeel kan word nie. Jy kan nie die fisieke en geestelike lewe skei en in twee wêrelde leef nie!

Ek het dit as jong man ervaar toe ek by die KJV (Kerkjeugvereniging) aangesluit het: ons het tonne pret gehad - bergklim, waatlemoenfeeste, sommer net kuier op die strand tot dagbreek toe. Maar dit was skoon pret en ons was gedurig daaraan herinner deur die leiers in ons groep dat hierdie dinge onlosmaakbaar was van ons geestelike lewe!

Gebed:

Heilige Gees, rig asseblief my

lewe op só ‘n manier dat ek as voorbeeld sal dien vir almal met wie ek te doene kry, en sodoende U heilige Naam sal verheerlik!

# 7

# Ek, my Werk en my Lewe

## Titus 2:1-15 (deel 3)

**VIDEO | OUDIO**

Die derde teiken vir Paulus is die slawe. Dit is opmerklik dat hy nie hier pleit dat slawe vrygelaat word nie. Dit sou mos die regte ding wees, of hoe? Nee, hy preek juis vir die gelowige slawe dat hulle hulle slaaf-wees só moes uitleef in hulle samelewing dat buitestaanders die indruk sou kry dat Christene geensins die sosiale orde wou omverwerp of ondermyn nie, maar dat selfs húlle, die laagste van die

laagstes, kon help met die geestelike opbou van die bankrot gemeenskap.

Die dinge wat Paulus hier oor slawe te sê het, kan ons vandag feitlik nét so op ons werkplek toepas. Inderdaad word gelowiges dikwels soos slawe behandel, en soms voel dit bitter onregverdig. As die ander werkers staak, dan stap jy gebelgd saam om hierdie onreg wat jou aangedoen word met wortel en tak te probeer uitroei. In die proses word daar dikwels met so ‘n staking geweldig baie skade aangerig en dit kos die land miljoene! Die feit is dat

werknemers wat net die heeltyd kyk waar hulle hulleself kan bevoordeel, aan ‘n geestelike armoede ly en dat hulle nie hulle verantwoordelikheid teenoor God besef nie. Terselfdertyd ly die onderneming waarvoor hulle werk soveel skade as gevolg van die staking, dat dit op die einde van die dag ook die werknemer benadeel!

Natuurlik moet die werkgewer ook sy verantwoordelikheid nakom en die werkers behóórlik vergoed vir hulle dienste. Volgens 1 Tim. 5:18 en Kol. 4:1  het ook húlle ‘n verantwoordelikheid teenoor God in hierdie opsig. Maar nou praat

Paulus spesifiek met werknemers en hy sê dat gelowiges hulle roeping teenoor God vervul deur gehoorsame, eerlike en betroubare werk te lewer. Hierdeur lewer hulle nie alleen ‘n groot bydrae tot die geestelike opbou van die samelewing nie, maar gee hulle ook geloofwaardigheid aan die Christelike geloof.

Die vraag is nou, nadat ons al hierdie voorskrifte vir mans, vrouens en slawe gelees het: hoe moet my persoonlike, huislike lewe dan daar uitsien? Kan ek nie maar net in my huis gaan sit en my daar besig hou met geestelike

dinge nie? Hoekom kan ek nie maar die bose samelewing aan hulle eie lot oorlaat en my met God besig hou nie? Die feit is dat God se genade nie maar net vir die klein groepie gelowiges bedoel is nie, maar vir álle mense. Hy wil nie hê dat enige mens verlore sal gaan nie!

Daar is egter ‘n voorwaarde aan God se genade, dat dit alléén geskied deur die verlossingswerk van Jesus Christus! Die ander feit is dat God bitter selde engele of wonderwerke gebruik om mense tot geloof in Jesus te lei. Dit is die taak van doodgewone gelowiges soos ek en jy. Ons durf onsself

dus nie onttrek uit ‘n bose samelewing, of bloot toekyk hoedat die samelewing homself vernietig nie. Nee, ons moet juis die boodskap van verlossing in hierdie korrupte samelewing indra sodat God se genade ook dáár tot volheid kan kom!

Ons moet egter baie versigtig wees dat ons visie nie te nou gestel word nie. ‘n Gelowige se visie moet baie breër wees as bloot die teenswoordige wêreld. Paulus verkondig nie ‘n sosiale Evangelie wat net die opbou van die samelewing in gedagte het nie. As jy die Evangelie só wil sien, kan jy baie skade aanrig

want dit is bloot ‘n materialistiese interpretasie van die Evangelieboodskap. Met só ‘n boodskap sê jy dat sonde sosiale verkeerdhede is en dat bekering die belydenis is van jou oortredings teenoor mense. Dat verlossing die verandering is van sosiale en politieke strukture. Sodoende word Jesus ‘n revolusionêre bevrydingsfiguur!

In Suid-Afrika het ons as Christene lank reeds in gebreke gebly om voluit met ons lewe te wys dat die verhouding met God deur Jesus Christus geloofwaardige betekenis het vir alle mense. Die tyd het nóú

aangebreek dat ek en jy uit hierdie tregter van geestelike verarming uitklim. Inderdaad het God se genade sosiale implikasies en ons móét hierdie implikasies ten volle uitleef. Terselfdertyd moet ons egter ook deeglik besef dat God se genade baie, báie meer behels as net sosiale implikasies. As gelowiges is ons deel van God se eie volk wat deur Jesus se offer van sondes gereinig is, en wat uitsien na ‘n dag wanneer hierdie bose, gebroke wêreld vervang sal word met ‘n absoluut volmaakte nuwe wêreld. Hierdie toekomsvisie mag egter nóóit daar wees sonder die

praktiese uitleef van ons Christelike geloof nie. Terwyl ons die volle implikasies van God se groot genade besef, moet ons elke dag hierdie genade prakties sowel as geestelik uitleef.

Elke gelowige moet wel deeglik besef dat volgehoue opbouende betrokkenheid in hierdie huidige wêreld van ons, op die lang duur slegs betekenis kan kry deur die wonderlike verwagting van die ewige lewe. Verder kan ons absoluut niks doen uit eie krag nie, maar alleen deur die kragtige werking van die Heilige Gees in ons.

Gebed:

Here, help my asseblief om uit my dop te kruip en ‘n verskil te maak aan die bose wêreld!

# 8

# Ek en my Samelewing

# Titus 3:1-7

**VIDEO | OUDIO**

In Paulus se brief aan Titus (asook Kreta én Suid-Afrika) het hy nou al verskeie punte aangeraak oor die Christelike lewe. Vandag kom hy by ‘n baie belangrike saak, naamlik jou gedrag in die samelewing. As gelowige moet ons wel baie deeglik onthou dat ons nie afgesonderd lewe nie maar dat ons deel is van ‘n samelewing waar ek en jy ‘n instrument in God se hand kan wees om

diegene rondom ons tot geloof te lei. Blykbaar het sommige gelowiges op Kreta hulle egter totaal uit die samelewing onttrek!

Gelowiges se grootste kopseer is die liewe owerheid wat oor ons aangestel is. Dink jy net daaraan, dan raak jy klaar warm onder die boordjie! Ja, daar sit wel ‘n handjievol gelowiges in ons parlement, maar die res is uitgesproke ongelowiges. Daar word soms selfs Sangomas gebruik om die parlement te "reinig"!

Die vraag is: wat ek moet doen omtrent daardie gesag? Moet ek dit maar gelate aanvaar?

“**Inderdáád!**” sê Paulus. Hy beklemtoon dit dat Titus die gelowiges “**nadruklik**” daaraan moet herinner dat hulle hulleself aan die owerheid en gesag moet onderwerp! Boonop moet hulle daaraan gehoorsaam wees. Hárde woorde! Dis veral as ons besef dat Kreta se regering dalk nog méér korrup was as ons eie! Die feit is dat onderdanigheid aan God ook onderdanigheid aan die owerhede insluit. In Romeine 13:1-7 skryf Paulus dat daar geen gesag is wat nie van God kom nie! Dis om hierdie rede dat ons onsself nie alleen moet onderwerp aan die gesag nie,

maar selfs ons positiewe samewerking moet gee om alles te doen wat goed is (Titus 3:1). Dit beteken natuurlik nie dat ons moet meedoen aan die onheilighede nie, maar dat ons só sal lewe en optree dat selfs ‘n heidense owerheid sou wens dat ál sy onderdane Christene was!

Dit gaan egter veel verder as net die regering, want in vers twee lees ons dat ons inskiklik en altyd bedagsaam moet wees teenoor **ALMAL**. Wie is hierdie “almal?” In Titus se geval is dit die berugte Kretense. Daardie selfde leuenaars, dronkaards, geweldenaars en selfsugtige

luiaards waarvan ons vroeër gelees het.

Nou sal jy dalk vir my sê dat jy heeltemal ver genoeg gelees het en dat dit nou ‘n bietjie dik vir ‘n daalder word! Hoe kan daar van my verwag word om nog steeds met ‘n soet glimlaggie op my gesig op te tree teenoor ‘n spul skurke? Ons natuurlike reaksie is om sulke mense ten alle koste te vermy en niks met hulle te doene te hê nie. Jesus het vir ons die voorbeeld gestel toe hy saam met ‘n spul skurke gaan partytjie hou het! Ter wille van die verkondiging van God se Evangelie van genade, moet ons júís moeite

doen om vriendelik en in liefde teenoor hierdie hopeloos-verlore mense op te tree.

Kyk, maklik is dit baie beslis nie! Christenskap is verséker nie vir sissies nie! Dit beteken immers dat as hulle van jou kwaadpraat, dat jy nie sal terugkap nie, maar jou kleinserigheid in jou sak sal steek. Dit beteken ook dat jy ‘n situasie wat op rusie kan uitloop sal probeer ontlont of vermy. Van jou eie belang en eer moet jy liewers maar vergeet, nes Jesus gedoen het. Ons moet onvoorwaardelik bereid wees om ander mense se belange voorop te stel. Op hierdie manier vertoon

jy die beeld van Christus in ‘n verrotte samelewing. So kan jy help om God se genade op ‘n geloofwaardige manier sigbaar te maak vir mense wat dit uiters dringend nodig het. Inderdaad kan jy op hierdie wyse meehelp om die siek samelewing te genees!

Ek en jy moet deeglik besef dat ons nie durf hoogmoedig wees teenoor die verrotte samelewing nie en ons durf ons nie daaraan onttrek nie, want as jy terugdink aan jou eie lewe dan besef jy dat jy dalk ook eenmaal daar was en dat God uit Sy groot genade vir my en jou daaruit kom red het.

Ons was eenmaal net so haatlik soos die mense op wie ons nou wil neersien. Die feit is dat nie ek of jy die saligheid gekry het deur ons eie goeie werke of eie toedoen nie, maar dat dit slegs God is wat ons hieruit kon red.

Nou kom ons by die kernboodskap van die Titusbrief in vers 4, waar hy skryf dat “die goedheid en liefde van God aan mense verskyn het”. (Dit verwys waarskynlik na Jesus se koms). As ons wil help met die geestelike opbou van Suid-Afrika, moet ons gelowiges nie net heeltyd kritiseer en die foute uitwys nie. Ons hooftaak is om hierdie goedheid

en liefde van God aan mense oor te dra. God het ons dus geroep om met sy Woord en met óns lewens ongelowiges te oortuig van God se goedheid.

Twee dinge moet ons gedurigdeur motiveer vir so ‘n lewe: ‘n opregte deernis in jou hart vir die lot van die gemeenskap wat verslaaf is aan hulle eie begeertes, en terselfdertyd die besef van die absolute onverdiende genade van jou eie verlossing. Verder, die besef dat hierdie genade die enigste redding is vir die verlorenes van ons samelewing.

Gebed:

Here, leer my asseblief om U genade elke dag uit te leef teenoor ander mense op so ‘n wyse dat hulle Jesus se wonderbare liefde in my kan sien!

# 9

# Saamwerk

# Titus 3:8-15

**VIDEO | OUDIO**

Ons het aan die einde gekom van Paulus se brief aan Titus, asook aan jou en my! Die vraag is nou: wat word van ons as gelowiges en gemeente verwag om prakties te doen?

Ál te dikwels is ‘n gemeente se siening soos dié van ‘n perd met oogklappe. Hy het net ‘n baie beperkte ou gangetjie waardeur hy sien. Dit het tyd geword om daardie oogklappe af te haal sodat jy die volle panorama kan

kry. Kerk is vir die oorgrote meerderheid van gelowiges om Sondae na die erediens te gaan en vir ‘n uur na die dominee te luister en darem ook ‘n bietjie te sing en bid. Dis alles goed en wel, maar al wat werklik daar gebeur is dat jy ‘n geestelike ervaring het en slegs geestelik gevoed of verryk word. Selfs Bybelstudies en bidure doen dikwels nie veel meer nie. Natúúrlik is hierdie dinge belangrik en baie goed, maar hierdie is slegs dinge om ‘n gelowige tot groter hoogtes aan te spoor.

Kerkwees behels baie meer as

net die geestelike ervarings. In vers 8 beklemtoon Paulus die belangrikheid van goeie werke. Hy sê vir Titus dat hy met groot nadruk moet getuig, **sodat** gelowiges, oftewel die gemeente hulle op goeie werk kan toelê! Wat behels goeie werk? Dié dinge wat goed en nuttig is vir mense. (Paulus se woorde, nie myne nie!) Die kerk moet dus betrokke en diensbaar wees in die gemeenskap. ‘n Gemeente wat net met homself gemoeid is, is ‘n kwynende gemeente. Om uit te reik na buite gee lewe en groei in daardie gemeente. Dit is dus dan nie alleen die gemeenskap

na wie hy uitreik wat baat nie, maar die gemeente sélf gaan ook daarby baat.

‘n Eenvoudige voorbeeld is ‘n projek in ons eie gemeente: ‘n paar mense het ‘n paar jaar gelede besluit om Saterdae pannekoek te bak vir ekstra fondse. Dit was lekker om so saam te werk en weldra het meer mense daarby aangesluit. Vandag is daar alreeds 5 spanne en daar word ‘n baie gewilde diens aan die gemeenskap gelewer. Boonop bind dit die klomp wat bak saam tot ‘n hegte eenheid, en só kom mense tot ‘n besef dat dit heerlik is om saam te kan werk! Die

fondse gaan lankal nie meer slegs om die gemeentekas aan te vul nie, maar help met Bybelverspreiding en sending. Deur opbouende betrokkenheid in die gemeenskap maak gemeentes dit duidelik dat die geestelike verhouding met God baie meer behels as slegs om kerktoe te gaan. Dit het ook ‘n praktiese betekenis vir die lewe van elke dag.

Vervolgens gesels Paulus ‘n bietjie oor die seer kwessie van strydvrae. Om in strydvrae betrokke te raak is iets wat totaal nutteloos is in ‘n gemeente. Al wat dit veroorsaak is ‘n getwis en

stryery. Daar is seker niks wat ‘n buitestaander meer afsit as wanneer mense wat beweer dat hulle verhouding met God reg is, onderling met mekaar rusie maak oor dikwels ‘n totaal onbenullige saak nie. Baie kosbare energie, wat elders baie nuttig aangewend sou kon word, word só vermors.

Gelowiges moet leer om onduidelikhede oor interpretasies van die Bybel en verskille in standpunte reg te kan hanteer. Die belangrikste is dat jy sal leer onderskei watter sake in die Bybel kernsake is en watter kantlynsake is. Die Bybel is baie duidelik oor alle sake wat direk

met mense se redding te doen het. Hierdie sake is vir my nie onderhandelbaar nie, en as iemand daarmee ‘n probleem het sal ek dit baie heftig verdedig!

Daar is egter baie ander sake waaroor die Bybel nie ‘n eenhonderd persent duidelike antwoord gee nie. Kyk, daar is niks mee verkeerd om hierdie onderwerpe te bestudeer en vir jou ‘n opinie daaroor op te bou nie, maar as jy toelaat dat jy oor sulke sake in ‘n heftige debat betrokke raak, dan is jy besig om onnodige energie te verspil. Omdat ek hierdie dagstukkies na mense van alle kerkdenominasies

stuur, is ek al dikwels aangevat oor sulke kantlynsake, maar ek verkies om nie daarby betrokke te raak nie.

Romeine 14-15 beklemtoon hoe belangrik dit werklik is om medegelowiges te aanvaar ten spyte van ‘n verskil van menings. Alle gelowiges is immers kinders van God en daarom moet ons mekaar so aanvaar. Ek durf nie my opinie op ‘n mede-broer probeer afdwing nie!

Ten slotte kan ek opmerk dat ons dikwels soos uitlanders in ons eie land voel as ons die gruwelikhede rondom ons sien gebeur. Paulus se brief het troos gebring aan

Titus en die gelowiges van Kreta wat sulke dinge ervaar het. Ons moet onthou dat ons altyd vriende in die geloof het, maak nie saak waar jy is nie. Duisende mense lees vandag saam met jou hierdie dagstukkie en word deur God gemotiveer. Nee, ons ken mekaar dalk gladnie, maar ons is één in geloof en ons jaag dieselfde beginsels na!

Mag die genade wat Paulus die Kretense toewens ook vandag kennelik met jou wees!

Gebed:

Here, ek kan U nooit genoeg bedank vir medegelowiges wat soveel omgee en deel van my

lewe is nie, selfs al ken ek hulle nie eers nie!